

BEROEPENUUS—20 Okt. 2013**Beroepe ontvang**

Ds. RA Bain van Cachet na Heidelberg

Ds. HJ Briel van Boshof/Petrusburg-kombinasie na Newcastle

FOTO-PROJEK—U is al geruime tyd bewus van sr Muriel van der Dussen wat ons help deur foto's te neem. Die doel is dat ons mekaar moet ken en vir mekaar in die gemeente omgee. Daar is lidmate wat gesê het dat hulle vir haar foto's elektronies gaan aanstuur dan hoef sy hulle nie ook af te neem nie. Ons wil graag almal wat dit wil doen daartoe aanmoedig. Die adres waarheen u dan die foto's kan stuur is muriel@muriel.co.za. Ander wat nog afgeneem moet word meld asb. by sr Muriel aan...

TINKINKIETAAL VAN TOTIUS—deur wyle prof. PW Buys (4) *vervolg van verlede week* (Uit HANDHAAF Maart 1977)

Dit was die sleutelnoot van Totius se lewe: deur God geroep tot diens. Daaraan het hy met oorgawe, erns, selfopoffering en heilige bekommernis tot sy dood toe getrou gebly. Ek wil in die verband een insident in herinnering roep. Vir die geleentheid van die groot volksaantrek op Monumentkoppie, Pretoria, na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in September 1939 is Totius versoek om 'n soort politieke vredesverklaring op te stel. Hy het dae lank geaarsel, omdat hy die implikasies daarvan baie goed besef het. Uiteindelik het hy ingewillig. Dit was 'n plegtige oomblik toe ten aanhore van tienduiseende Afrikaners die verklaring voorgelê is waarin die strydende politieke faksies oor en weer voor die aangesig van God, dus so goed as onder eed, beloof het om mekaar se hande te vat en nooit weer los te laat nie.

Word vervolgt...

Vandag – Christine Beyneveldt 0760375721	23/10– Ethan Foster 0823772108
Vandag – Johnny Schmidt 0834699641	23/10– Anria Möller 0723731597
Vandag – Elsa van der Linde 0725914707	23/10–Freda Vosloo 0832538084
21/10– Elmé Boersma 0826628105	24/10– Jaques Venter 0837961601
21/10– Hanneltjie de Beer 0725066267	24/10– Steve Wybenga 0832280911
21/10– Christine Venter 0845119620	25/10– Jurie Malan 0828546377
22/10– Betsie Malan 0828546377	26/10– Hanneltjie Bezuidenhout 0837415173
22/10–Alet Oosthuizen 0828354881	26/10– Jaco Venter 0728273838
22/10– Lise Venter 0766672852	27/10– Marietjie Buys 0827373474
	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

Baie geluk met u verjaarsdag

Daar is nie 'n hoogmoed so trots en ongenaakbaar nie as die verstandelike hoogmoed van die onverstandige man – CJ Langenhoven

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)www.gkpretoria.org.za OFwww.gk-pretoria.weebly.com

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp

0123262290 (8h00-13h00 Weekdae)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar

012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Orrelis: Sr. Hanneltjie Bezuidenhout : 0837415173

EERSTE EREDIENS—(9h00)**Skriflesing:** Mattheus 13:31-35

(vgl. ook Mark 4:30-34; Luk. 13:18-21)

Teks: Mattheus 13:31-33**Sing:** Ps. 68:2; Ps. 119:51; Ps. 42:3,4; Ps. 31:15**MOSTERDSAAD EN SUURDEEG**

Ons kyk na die gelykenisse wat ons lees het deur te let op die geheim van die kontraste wat ons hier het.

Hier is nog 'n geheim, die geheim wat lê in die verborge werkinge in God se koninkryk.

En die laaste, die geheim van die dinamika wat hier plaasvind.

KATKISASIE—Katkisasie gaan voort

20 Oktober 2013

**TWEEDE EREDIENS**— (ná katkisasie)**Skriflesing:** Jesaja 66;

1 Timotheus 6:1-10

Nederlandse Geloofsbelijdenis:

Artikels 4-6

Teks: Jesaja 66,2,5; 1 Timotheus 6:3-4**Sing:** Ps. 33:5; Ps. 96:3; Sb.34:1 (2-2:1)**WAT BETEKEN GOD SE WOORD REGTIG**

Ons belydenis stel dat *die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle* (m.a.w. die Bybelse boeke) *van God is. Hulle het ook die bewys daarvan in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind.*

So onderskryf die belydenis nie net die gesag van God se Woord nie, maar ook die betroubaarheid hiervan. Dinge wat hierin geprofeteer word, want dit gaan om baie meer as net voorspellings, dit staan uit dat die Woord betroubaar en gesagvol is.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tetto1>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

Predikant:

Ds. Petrus Venter
012- 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)**Vandag-Wyke 4 en 5**

Ouderlinge: Frik Eloff
Diakens: Francois Keulder en Wynand Du Venage

Volgende Sondag (27/10) – Wyke 6 en 7

Ouderlinge: Jan du Plessis en Nico van der Dussen
Diakens:

DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

Br Jan Fanoy se moeder is verlede week Sondag-nag oorlede. Ons dink aan hulle familie en bid elkeen die troos van die Heilige Gees toe.

Br Dries Badenhorst het teëspoed met sy linkeroog opgetel. Daar is in die week aan die oog gewerk maar daar kan eers later die werklike herstel en skade vasgestel word. Ons gebed is dat hy sy sig in die oog mag behou. Gelukwense aan **br en sr Coenie en Chantelle van Jaarsveld** met die geboorte van hulle seun. Ons gebed is dat hy vir hulle tot n ryke seën mag wees. Gelukwense ook aan **br en sr Flip en Marietjie Minnaar** vir wie daar in die week hulle eerste agterkleinkind, n dogtertjie gebore is. Mag sy ook tot groot vreugde en seën dien. Ons het verneem sr Marietjie se suster is terminaal siek. Ons dink aan die familie in die sware tyd. **Sr Maryna Theunissen** het geval. Onder omstandighede gaan dit darem al beter. Sy het haar ribbetjie en linkerarm en bene wat alreeds onder behandeling was seergemaak. Ons vertrou dat daar vir haar ook weer spoedige beterskap mag kom. **Ds. Andries Mulder** het die knie en been wat al so baie probleme gegee het, weer ont-steek. Ons gebed is dat die Here 'n verskil sal maak en dat die terugslae met die been nou mag verander en hy mag genees. **Sr Marthie Steyn** bid ons volkome herstel toe. **Br. Piet en sr Martie Oosthuizen** se dogter het in Bloemfontein n operasie moes ondergaan. Ons vertrou dat sy ook weer gou mag herstel. **Br. Kallie Tromp** is ons dankbaar om te meld dat dit met hom beter gaan. Mag die medikasie geseën wees om dan werklik ook vir hom tot n seën te wees, na hierdie weke van groot swaarkry en terugslae. Aan hom en sr Amanda word die krag van die Here toegebid. **Br Phil van der Merwe** wat weer deur 'n hele proses van kanker-behandeling moes gaan se gesondheid verkeer onder groot druk. Hy is weer tuis maar dit gaan swaar en hy is baie swak. Hy moet DV weer op 5 Des vir verdere behandeling gaan. Ons dink aan hom en sr Nakkie in hierdie sware tyd. **Sr Margaretha Coetzee** word volle herstel toegebid na die knieervangingsoperasie. Ons bid haar volkome herstel toe, ook met die oog op n operasie vir die ander knie. **Sr Amelia Boshoff** het 'n groot rugoperasie ondergaan. Sy is ook tuis. Mag die operasie geslaagd wees en sy volkome herstel. **Sr Margriet Venter** se ma het geval en baie seergekry. Ons dink ook aan haar en almal wat haar moet bystaan. **Sr Hester van Vuuren** wat swak is en baie dae groot ongemak moet verduur word aan die genadedetour van die Here opgedra. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. Sy het ook hierdie week verjaar. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

KOLLEKTE

Vandag: 1ste diens	DVB	Bybelver-spreiding
2de diens	DVB	Intand-houding
27/10/2013 1ste diens	Paul Kruger kinderhuis	Bybelver-spreiding
2de diens	DVB	Intand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
22/10	Finans en advies-verg
24/10	Kerkraadsverg
24/10	Huwelik-Br Lukas de Beer en sr Alicia Schalekamp
14/11	Oudle- vergd
17/11	Voorbereiding
19-20/11	Streeknode Lyttelton
24/11	Nagmaal en Nabetragting

KOEKIE-PROJEK VIR OUER LIDMATE

Sr Annatjie Badenhorst bestuur die koekie-projek vir ons bejaardes. Al die susters wat kan help bak word versoek om met haar kontak te maak. Soos in die verlede doen ons dan ook weer 'n beroep op almal wat kan bydra om bestanddele of kontant te skenk om die projek vir ons ouer mense moontlik te maak. Sr Annatjie kan gekontak word by 0798874954.

ZAMBIË– VOERTUIG

Met groot dankbaarheid teenoor die Here het hierdie fondsinsameling van ons gemeente in die die kerkverband aangegroei tot R102 000. Die harte en hande in die gemeente wat ook hiermee kan help word versoek om dit oop te maak as dit vir u moontlik is. Die brief vir u en die kerkverband kan gelees word by die volgende skakel. <http://bit.ly/105wmGY> As u gelde hiervoor kan gee, moet u dit in die kerk se bankrekening inbetaal. Merk net duidelik saam met u naam dat dit bestem is vir Zambie voertuig.

KONINGSKINDERS-ETE

Ons gemeente is versoek om weer vir die jaarlikse koningskinders-kamp 'n ete te voorsien. Hulle het ons op die lys geplaas vir n middag-ete op Donderdag 12 Des 2013. Almal wat hiermee kan help word gevra om met sr Christine te kontak (0845119620) Dan sal hulle die spyskaart en reëlings kan finaliseer.

DIE EVANGELIE: MATTHEÛS

Vervolg van verlede week
MATTHEÛS 6:28-31
6:28-31 – In 'n beskrywing oor die Jordaan-vallei vertel Totius van die oop dele, met verwysing na hierdie verse: “En in die voorjaar kom die ‘lelies van die veld’ met hulle versiersels te voorskyn en die gras wat die Here met blomme deurweef.” Hy gebruik byna dieselfde woorde waar hy ook oor Galilea praat.
 Jesus gebruik vervolgens dus 'n baie bekende beeld vir die mense: Kyk maar om julle, na God se sorg in die natuur. Sels Salomo se heerlijkheid steek daarteen af. As die kortstondige plante so geseën word, hoeveel meer nie die mens nie ? Hoewel die aardse goed is en noodsaaklik vir die lewe, is die geestelike dinge veel groter. Gee liewer daaraan die nodige aandag.
6:32, die heidene – Soos met die ydele herhaling van woorde (v 7) word weer na die heidene verwys. Moenie soos hulle word en uit die aarde en tot die aarde lewe nie.
 Al hierdie dinge bots nie met Christus se latere woordse dat mens jou talente moet gebruik nie. Die wyse waarop dit ingespan word, is egter belangrik: weet dat die inspanning in God se diens moet staan. Dit is ook nie sonde om ryk te wees nie: **hoe** jy in jou rykdom optree, verskil van die heiden se optrede. Daarom word weldadigheid in stilte en dankbaarheid bewys.
 “Gebruik jou talente” wys ook uit dat mens nie mag besluit “God sal sorg”, en dan met gevoude hande gaan sit en wag nie.
6:33 – In 1936, met die oorlogswolke (2e Wêreldoorlog) in die lug, word in 'n artikel verwys na Italië se soek na vrede deur sosialisme: **Geregtigheid is die enigste grondslag vir duursame vrede. Die ‘Volkebond’ van daardie tyd het egter te laag gaan soek vir vrede – onderkant die vlak van geregtigheid. Blote gesamentlike sekerheid tussen volke is nie 'n fondament vir vrede nie. Daarom was die Volkebond se pogings om vrede in Abessinië gedoem.** [Dit is vandag se Ethiopië.]
Dit gebeur as Christus se woorde nie in die aardse raadsale gehoorsaam word nie: “soek eers die Koninkryk van God en sy geregtigheid.” Prof Carnegie Simpson het hierop gewys, met die woorde: “Sonder geregtigheid kan vrede te kort skiet aan die morele vereiste.” Vrede en geregtigheid is nie in teenstelling met mekaar nie.

Vrede is die vrug, die saad is geregtigheid.
 Onthou weer: geregtigheid spreek van liefde vir die Wet van God.
 Net soos vir die volkere, geld dit vir elke gelowige. Soek na dit wat werklik van waarde is, wat bo hierdie aardse bestaan verhewe is. Vir die stoflike sal die HERE sorg.
6:34, kwel . . . oor môre – Die betekenis van die bede vir die *daaglikse* brood kom weer na vore: doen wat jou hande vandag vind om te doen. Paulus se woorde in Fil 4:6 kom by mens op: “Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.”
MATTHEÛS 7
7:1-6, Oordeel oor andere
7:1, oordeel – Die woord word gebruik in die sin van “veroordeel”. Hoewel ons moet beoordeel, verbied Christus 'n veroordelende gees. Vergewensgesindheid is immers iets wat deur Hom beveel word. Om op geestelike vlak te beoordeel is om te onderskei tussen geregtigheid en ongeregtigheid, gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan die Wet van God [BVA].
Geoordeel – Sodat julle nie deur God veroordeel word nie. Jak 2:13-14: “Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word. Want die oordeel sal onbarmhartig wees oor die wat geen barmhartigheid bewys het nie; en die barmhartigheid roem teen die oordeel.” Paulus vra in Rom 2:3 of sulke ver-oordelende mense dink dat hulle God se oordeel sal ontvlug – hulle is immers self sondaars.
 Jesus was weer besig om die Fariseërs se eiegeregtigheid te veroordeel.
7:2, julle geoordeel – Dieselfde maat sal vir so 'n mens gebruik word in God se oor-deel. So het Jesus as't ware die tande getrek van die mense wat die owerspelige vrou wou stenig: Wie van julle is onskuldig ? Jy kan alleen oor 'n ander oordeel as jy self blaamloos is.
2:3-4, sien . . . die splinter – Jesus praat van die neiging van die mens om die kleinste foute van ander raak te sien. Die neiging is verder om mens se eie foute eintlik daarmee vir jouself weg te steek. Die Fariseërs se manier om eie broeders te veroordeel word hiermee veroordeel.
Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

9 Okt. 1847– ds. SJ du Toit gebore; 9 Okt. 1881– Ds. Dirk van der Hoff oorlede; 10 Okt. 1825– Paul Kruger gebore; 11 Okt. 1531– Dood van Ulrich Zwingli; 11 okt. 1858– Ds. Dirk Postma word in Pietermaritzburg gaan haal; 13 Okt. 1867– Eerste diamant in SA gevind; 14 Okt. 1834– Afskeiding van Christelik Gerf kerk Ulrum in Nederland; 19 Okt. 1687– Eerste kerkgebou op Stellenbosch deur Simon van der Stel ingewy; 22 Okt. 1685– Edik van Nantes herroep; 22 Okt. 1847– Genl. JH de la Rey gebore; 25 Okt. 1838– Louis Trichardt oorlede; 26 Okt. 1854– Die Makopane moorde, waar Hermanus Potgieter– genl. AH Potgieter se broer vermoor is; 28 Okt. 1629–Maria van Riebeeck gebore; 29 Okt. 1944– Afrikaanse Psalmberymings in ontvangs geneem; 31 Okt. 1517–Martin Luther spyker sy 95 stelling teen kerkdeur vas